

## Rusland se trots

**’n Vrou staan by ’n kunswerk van Joeri Gagarin, die eerste ruimtevaarder wat opgelei is deur die Russiese ruimteagentskap. Die kunswerk is van rose gemaak en kan in St. Petersburg in Rusland by die internasionale ekonomiese forum gesien word.** Foto: AP

# ‘Hoës vat nie dié wangedrag vas’

**Llewellyn Prince**

Ministers en departementshoofde neem nie die finansiële wangedrag van staatsamptenare wat belastingbetalers miljarde rande kos, ernstig genoeg op nie.

So het Michael Seloane, kommissaris van die Staatsdienskommissie verantwoordelik vir integriteit en teenkorrupsie, gister aan LP’s in die parlement gesê.

Die kommissie het ’n verslag oor amptenare wat hulle in 2019-’20 aan finansiële wangedrag skuldig gemaak het, by die portefeuljekomitee oor staatsdiens en administrasie ingedien.

Luidens die verslag is daar in daardie boekjaar 530 tugprosedures teen staatsamptenare afgehandel weens finansiële wangedrag waarby gesamentlik R516 miljoen betrokke was.

LP’s was geskok toe hulle hoor ’n skrale R1,1 miljoen van dié belastingbetalersgeld is tot dusver verhaal en net 80 strafregtelike ondersoeke het uit die honderde tugprosedures gespruit.

592 tugprosedures is nog nie afgehandel nie.

Die kommissie is “uiters bekommerd” omdat dit blyk dat rekenpligtige beamptes en lede van die uitvoerende gesag nie finansiële wangedrag ernstig opneem nie.

“Die betrokke bedrae is reusagtig, maar die geld wat teruggekry word, is baie min of onbeduidend.”

Volgens Seloane word die onreëlmatige, ongemagtigde, vrugtelose en vermorste uitgawes waaruit die tugprosedures spruit, al hoe erger, maar baie min staatsamptenare word aangekla.

Dít terwyl van die senior bestuurders, wat moet toesien dat belastingbetalersgeld beskerm word, hulle ook daaraan skuldig maak.

“Tot R127 miljard is by ongemagtigde, onreëlmatige, vrugtelose en vermorste uitgawes betrokke.

“Verbeel julle wat met daardie bedrag geld gedoen kon gewees het as dit reg gebruik is,” sê Seloane.

Dit kon vir studentefinansiering, die bou van paaie, sanitasie en polisiekantore gebruik word, sê hy.

Luidens die kommissie se verslag het 155 van die 159 nasionale en provinsiale departemente verslae oor sulke tugverhore by hom ingedien.

Van die 155 departemente het 61 hul gesamentlike 530 tugprosedures afgehandel.

Daarvan was 306 in nasionale en 224 in provinsiale departemente.

Ander klagte het gespruit uit diefstal en die misbruik of beskadiging van staatshulpbronne.

392 staatsamptenare is skuldig bevind, 87 onskuldig, 45 sake is teruggetrek, vyf staatsamptenare het bedank en een is dood.

92 finale skriftelike waarskuwings en 80 skriftelike waarskuwings is uitgereik, 72 het ’n gekombineerde straf gekry, 57 amptenare is ontslaan, 29 is sonder-salaris geskors, 16 het ’n mondelinge waarskuwing gekry, nege het berading ontvang, vyf se posvlak is verlaag en twee is “progressief gedissiplineer”.

Die kommissie beveel aan dat doeltreffender, gepaste strawwe aan skuldiges opgelê word.

Makhoni Ntuli, ANC-LP, sê sulke oortredings sal vererger omdat amptenare weet hulle kan daarmee wegkom.

“Hoekom word wetstoepassingsbeamptes nie in die eerste plek betrek nie?

“Hoekom is die oortreders nie in die tronk nie? Ons mense kry nie paaie, huise en ander dienste nie, terwyl dié wegkom wat miljarde van belastingbetalersgeld steel.”

Joe McGluwa, DA-LP, sê die komitee moet al die betrokke rekenpligtige amptenare “dagvaar” om self aan die komitee verslag te doen.

Rosina Komane, EFF-LP, sê die feit dat die “erge nalatigheid, misbruik en vermorsing” van staatsgeld nie uit die staanspoor as strafregtelike oortredings hanteer word nie, wys daar is geen wil om oortreders vas te vat nie.

**Wat sê jý?** Gee jou mening. Ons luister.
**Stuur ’n SMS na 32515 of skryf ’n brief aan briewe@beeld.com SMS’e kos R1.00**

## DIGITAL VIBES-KONTRAK

# Ondersoek na Mkhize dán verby

## Sy seun kry glo geld vir ’n voertuig

**Sarel van der Walt**

Die ondersoek na dr. Zweli Mkhize, minister van gesondheid, oor ’n beweerde onreëlmatige tender is in ’n “kritieke fase”.

So het adv. Andy Mothibi, hoof van die spesiale ondersoekeenheid (SOE), gister aan die parlement se staande komitee oor openbare rekeninge (Skoor) gesê.

Mothibi sê al die bewerings word ondersoek, maar hy kan nie nou meer inligting gee nie.

Hy sê wel die minister gee sy volle samewerking.

“Ons mikpunt is om die ondersoek na die departement van gesondheid voor einde vandeesmaand af te handel. Dit kan moontlik al vroeër wees,” sê Mothibi.

Die SOE het in opdrag van pres. Cyril Ramaphosa met ’n ondersoek begin na beweerde onreëlmatighede in dié departement met die toekenning van kontrakte wat met die Covid-19-pandemie te doen het.

Die ouditeur-generaal (OG) het aan die einde van verlede jaar wanpraktyke uitgewys en dit is deur onafhanklike ondersoekers – wat dit in opdrag van Mkhize ondersoek het – bevestig.

Daar is groot druk op Mkhize om opsy te staan nadat dit aan die lig gekom het dat die departement ’n kontrak van R150 miljoen met ’n KwaZulu-Natalse kommunikasiemaatskappy, Digital Vibes, gesluit het.

Twee mense wat ’n groot rol in dié maatskappy speel, het noue bande met Mkhize. Hulle is Tahera Mather, die minister se eertydse woordvoerder, en Naadhira Mitha, sy voormalige persoonlike assistent.

Sedertdien is onthul dat Digital-Vibes glo help betaal het vir instandhoudingswerk aan eiendom van die minister. Die maatskappy het na bewering ook minstens R300 000 oorbetaal aan ’n maatskappy wat deur die minister se seun besit word.

Die *Daily Maverick* het gister onthul dat Digital Vibes geld oorbetaal het vir ’n gebruikte Toyota Land Cruiser wat Mkhize se seun glo in Pietermaritzburg gekoop het.

Mkhize het verlede week op ’n mediakonferensie ten sterkste ontken dat hy sy mag misbruik het met die toekenning van die kontrak, dat hy voordeel daaruit getrek het of dat daar ’n belangebotsing was.

Mothibi sê die ondersoek na die res van die departement van gesondheid se kontrakte behoort teen Augustus afgehandel te wees.

Intussen het die DA aangekondig hy gaan vandag in Kaapstad strafregtelike klagte by die polisie teen Mkhize indien.

Siviwe Gwarube, DA-woordvoerder oor gesondheid, sê die Wet op Openbare Finansiële Bestuur-stel dit duidelik dat staatskontrakte slegs onderteken mag word deur die rekenpligtige amptenaar en nie deur die uitvoerende gesag (die minister) nie.

As rekenpligtige amptenaar moet dr. Sandile Buthelezi, direkteur-generaal van gesondheid, ook ondersoek word.

Intussen het George Mashamba, die voorsitter van die ANC se nasionale integriteitskommissie, bevestig die kommissie kan Mkhize op sy vergadering Saterdag “nooi” om voor hom te kom verskyn.

“Die ANC se reëls bepaal dat as daar gerugte van onreëlmatighede oor iemand is, moet daardie persoon verkieslik hom- of haarself by die kommissie aanmeld.

“Die nasionale uitvoerende komitee kan dit ook gelas, of die kommissie kan hom of haar nooi om voor hom te verskyn,” sê Mashamba.



**Dr. Zweli Mkhize** Foto: GALLO

### ‘Laat proses sy gang gaan’

Die ondersoekproses na Digital Vibes moet toegelaat word om sy gang te gaan.

“Ons sal daarna weet wat gedoen moet word,” het pres. Cyril Ramaphosa gistermiddag in die Nasionale Vergadering gesê toe hy die presidensie se begrotingsrede gelewer het.

“Wat ek wel aan Suid-Afrikaners kan sê, is dat ek besig is met die aangeleentheid en dat die minister sy volle samewerking gee.”

Ramaphosa sê dit is “ernstige en ontstellende bewerings en daarom noodsaaklik dat dit behoorlik deur die spesiale ondersoekeenheid en ook enige ander gepaste owerheid ondersoek moet word”.


**– Llewellyn Prince**


**Beeld**

**Is JOU kleinding die oulikste baba ter wêreld?**




1. **Verstrek die volgende in 'n Word-dokument:**
   a) Die baba se noemnaam (nie bynaam of volle name nie)
   b) Die baba se geboortedatum
   c) Die geslag van die baba
   d) Die baba se ouers se name en vanne
   e) Indien die baba se ouers se vanne verskil, verskaf asseblief die baba se van
   f) Woonadres
   g) E-pos-adres
   h) Ouers se selnommers
2. **Antwoord die volgende vrae in dieselfde Word-dokument:**
   a) In watter hospitaal is die baba gebore? Hoe laat?
   b) Hoe het julle op jul kleinding se naam besluit?
   c) Vertel iets interessant of spesiaal van die baba se geboorte/geboortedag.
   d) Hoeveelste kind is dit in die gesin?
   e) Wat is jul droom vir jul baba?
3. **Heg 'n duidelike kleur of swart-en-wit gesigfoto van die baba as 'n aparte dokument aan in die e-pos-inskrywing. Dit moet in .jpg-formaat en 1MB of groter wees. In die geval van 'n tweeling (of meer babas) moet steeds slegs een foto gestuur word waarop al die babas verskyn.**
4. **E-pos inskrywings aan babas@beeld.com. Tik die naam en van van die baba sowel as die blok waarvoor julle inskryf in die onderwerplyn.**



**Skryf in voor dié datums:**
**Junie-groep: 4 Junie 2021**

- Julie-groep: 25 Junie 2021
- September-groep: 6 Augustus 2021
- November-groep: 17 September 2021
- Januarie-groep: 29 Oktober 2021
- Maart-groep: 14 Januarie 2022
- Mei-groep: 25 Februarie 2022
- Augustus-groep: 16 Julie 2021
- Oktober-groep: 27 Augustus 2021
- Desember-groep: 8 Oktober 2021
- Februarie-groep: 19 November 2021
- April-groep: 4 Februarie 2022

**Vir volledige bepalings en voorwaardes, besoek *Beeld* se Facebook-blad of e-pos Tanya Kleynhans by tanya.kleynhans@media24.com.**


# Neem kiekies! Spertyd vir babas om die draai

**Hanri Wondergem**

As jy jou kleinding wil inskryf vir die eerste groep van *Beeld* se Baba van die Jaar-kompetisie, moet jy vinnig spring: Die eerste sluitingsdatum vir inskrywings is môre (4 Junie).

Netwerk24-lesers kan ook babas inskryf.

Oudergewoonte is daar groot pryse op die spel. Dit sluit in geskenkbewyse van Bennetts en 4aKid, gasverskynings deur Ollie-die singende nar, kontantpryse, enkelbeddens van Sealy-en ’n vakansie by die see geborg deur die TO Strand Beach-Resort in Port Shepstone.

Die totale waarde van die pryse vir vanjaar se wenbaba is meer as R22 000. Die naaswenner kruip met pryse van meer as R9 000 weg en die derde plek se pryse beloop meer as R6 500.

Elke maandwenner kan pryse van meer as R3 000 wen.

Die kompetisie duur tot 28 Maart 2022. Die keuse berus by jou vir watter maand jy jou baba wil inskryf – solank die baba nog nie sy of haar eerste verjaardag gevier het voor of op die sluitingsdatum vir die inskrywingsmaand nie. Elke baba mag net een keer ingeskryf word.

Die eerste groep babas se gesiggies-sal op 9 Junie in *Beeld* verskyn. Op dié dag kan jy ook lees oor die verskillende stemprosedures om seker te maak jou pienkvoet het ’n kans om te wen. Babas wie se foto nie in die maand waarvoor hulle ingeskryf is, gepubliseer is nie en teen die volgende maand se sluitingsdatum nog jonger as 12 maande is, se inskrywing kom outomaties weer in aanmerking vir die volgende groep.

Besoek *Beeld* se Facebook-blad vir die volledige bepalings en voorwaardes.

Netwerk24-lesers oor die land heen is ook welkom om deel te neem.

| Groep | Inskrywings: spertye | Foto's van finaliste in *Beeld* | Stemme: spertye | Maand-wenner aangekondig in *Beeld* |
|---|---|---|---|---|
| Junie-groep | 4 Jun | 9 Jun | 30 Jun | 5 Jul |
| Julie-groep | 25 Jun | 30 Jun | 21 Jul | 26 Jul |
| Augustus-groep | 16 Jul | 21 Jul | 11 Aug | 16 Aug |
| September-groep | 6 Aug | 11 Aug | 1 Sep | 6 Sep |
| Oktober-groep | 27 Aug | 1 Sep | 22 Sep | 27 Sep |
| November-groep | 17 Sep | 22 Sep | 13 Okt | 18 Okt |
| Desember-groep | 8 Okt | 13 Okt | 3 Nov | 8 Nov |
| Januarie-groep | 29 Okt | 3 Nov | 24 Nov | 29 Nov |
| Februarie-groep | 19 Nov | 24 Nov | 15 Des | 20 Des |
| Maart-groep | 14 Jan | 19 Jan | 9 Feb | 14 Feb |
| April-groep | 4 Feb | 9 Feb | 2 Mrt | 7 Mrt |
| Mei-groep | 25 Feb | 2 Mrt | 23 Mrt | 28 Mrt |

**Belangrike datums om te onthou.**

> **Die totale waarde van die pryse vir vanjaar se wenbaba is meer as R22 000.**